9 April 2023 Paas Sondag
Aanlyn Erediens

info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Matteus 28: 1-10
**Tema :** "…daar sal hulle my sien." En jy sal sien.

## BROODJIES VIR DIE PAD

"It happens to all of us," I concluded that Easter Sunday morning. "God simply keeps reaching down into the dirt of humanity and resurrecting us from the graves we dig for ourselves through our violence, our lies, our selfishness, our arrogance, and our addictions. And God keeps loving us back to life over and over."
— Nadia Bolz-Weber, Pastrix: The Cranky, Beautiful Faith of a Sinner Saintra

"It is a way of being Christian in which beliefs are secondary, not primary. Christianity is a "way" to be followed more than it is about a set of beliefs to be believed. Practice is more important than "correct" beliefs. Beliefs are not irrelevant; they do matter. But they are not the object of faith. God is the "object" of commitment—and for Christians, God as known in Jesus."
— Marcus J. Borg, Jesus: Uncovering the Life, Teachings, and Relevance of a Religious Revolutionary

"The deeper that sorrow carves into your being,the more joy you can contain.
Is not the cup that holds your wine the very cup that was burned in the potter's oven?
And is not the lute that soothes your spirit, the very wood that was hollowed with knives?
When you are joyous, look deep into your heart and you shall find it is only that which has given you sorrow that is giving you joy.
When you are sorrowful look again in your heart, and you shall see that in truth you are weeping for that which has been your delight."
— Kahlil Gibran

"There is a fragrance in the air, a certain passage of a song, an old photograph falling out from the pages of a book, the sound of somebody's voice in the hall that makes your heart leap and fills your eyes with tears. Who can say when or how it will be that something easters up out of the dimness to remind us of a time before we were born and after we will die?"
— Frederick Buechner, Telling the Truth: The Gospel as Tragedy, Comedy, and Fairy Tale

"I don't know anything with certainty, but seeing the stars makes me dream."
— Vincent Van Gogh

"Before I go on with this short history, let me make a general observation– the test of a first-rate intelligence is the ability to hold two opposed ideas in the mind at the same time, and still retain the ability to function. One should, for example, be able to see that things are hopeless and yet be determined to make them otherwise. This philosophy fitted on to my early adult life, when I saw the improbable, the implausible, often the "impossible," come true."
— F. Scott Fitzgerald, The Crack-Up

### Dís hoekom kerk se invloed aan't krimp is

Die Hervormde Kerk se Algemene Kerkvergadering het onlangs plaasgevind. In dié kerk is dit 'n groot gebeurtenis omdat dit net elke drie jaar plaasvind. Vir ons wat deel van die kerk is, is dit van uiterste belang, maar uiteraard nie vir almal nie.

Almal kan nie in alles belangstel of oral teenwoordig wees nie. En ons word genoeg met inligting gebombardeer.

Tog was daar 'n nuuskierigheid by sommige in die vergadering oor die afwesigheid van die media daar. Ons is gewoond dat die media nou en dan by sulke vergaderings (of sinodes) inloer.
Hierdie keer glad nie. Die nuusdekking oor die vergadering ná afloop daarvan was skraal.
Nou kan ons vra (trouens, dit was my eerste vraag): Is 'n vergadering van die Hervormde Kerk nuuswaardig? Of, meer algemeen: Is aspekte van 'n massa-samekoms van Afrikaanssprekende kerkmense nuuswaardig? By nadenke besef ek die vraag en antwoord is effens meer gekompliseerd.

In ons land en op die kontinent Afrika het ons die interessante verskynsel: Godsdiens speel 'n beduidende rol. Vir 'n groot meerderheid mense hier is godsdiens 'n manier om betekenis toe te ken en sin te maak van alledaagse gebeure.

Eers moet die definisie van "nuuswaardig" uitgeklaar word. In die era van massa-inligting, vinnige nuus en blitsvinnige standpunte moet iets daardie rustelose, "blaaiende" vinger vir 'n paar sekondes tot stilstand bring. Miskien is "kerk" (en veral kerkvergaderings!) net nie meer die "iets" waaroor mense wil lees nie.

Dan vra ons hoekom – en dit is die tweede saak wat met "nuuswaardigheid" van kerkvergaderings verband kan hou. Is dit die Christelike godsdiens of net die Christelike kerk wat irrelevant geword het? Godsdiens in die algemeen?

Godsdiens deurdrenk elke faset van bestaan.
En as jy iemand of iets in Afrika vir 'n spesifieke doel wil mobiliseer, besoek jy geloofsgemeenskappe eerste. Daar is egter 'n skadukant en dit bring my by die laaste aspek wat moontlik aan "nuuswaardig" gekoppel mag wees. Soveel as wat 'n kerk of geloofsgemeenskap die "bevryder" kan wees, is dit ook dikwels die "oortreder". Soms meer as dikwels. In ons geskiedenis het ons heel dikwels God as "Die Gans Andere" (Karl Barth) ten koste van "God as Breë Ruimte" (Jürgen Moltmann) beklemtoon. Algaande het ons die kerk kleiner gemaak, die grense al hoe duideliker getrek en dit strenger bewaak.

In die proses het aspekte van ons menslikheid, soos ons etnisiteit, ons seksualiteit, ons geslag (en nou ook ons ouderdom) die basiese voorwaardes geword vir deelname aan die nagmaal en lidmaatskap van die kerk.

In 'n era waar ons al hoe meer bekommerd is (en vinger wys) oor die krimpende invloed van die kerk, moet 'n mens tog wonder: Wie het die kerk eerste kleiner begin maak?
*Prof. Van Wyk is dosent in sistematiese teologie aan die Universiteit van Pretoria.*

---

BROOD VIR DIE PAD

## Tanya van Wyk: Ek wil weer oor Jesus praat, al is dit gevaarlik

In my beroepsveld het dit byna lewensgevaarlik geword om oor Jesus te praat.

Hoe ironies. En hoe tragies. Om jou mond oor Jesus oop te maak, kan jou in die kerklike sop laat beland. Soos talle predikante het ek 'n klassieke teologiese opleiding ontvang. Ek het geleer oor al die onderskeie dwaalleringe wat vir Jesus in die gedrang kon bring: Adopsianisme, Ebionitisme, Arianisme en Doketisme. Elkeen het 'n aspek van Jesus se menslikheid of goddelikheid oor- of onderbeklemtoon.

'n Mondvol, ja.

Ek onthou een van ons dosente het hierdie verskillende teologiese skeeftrekkings eendag op 'n soort grafiek geplot, byna soos iets met 'n x-as en 'n y-as. Dit was bedoel om ons te help met die posisionering van die kerk se belydenisse oor Jesus. Dit het ook gehelp om die toetsvrae te antwoord.

Êrens tussen die dwaalleer-grafiek en later die kerk se manier om Jesus te vervlak tot 'n pleister, 'n salf of 'n slagspreuk op 'n koffie¬beker het ek algaande dikwels oor die misterie van God eerder as die verlossing van Jesus gepraat.

Toe, meer as 'n dekade gelede, lees ek een van Wilhelm Jordaan se rubrieke getiteld "Jesus vir ete". Hy vertel van die denk-eksperiment om mense in die geskiedenis vir ete te nooi.
Jesus van Nasaret, as eregas, sit aan die kop van die etenstafel, "want ek wil hê Hy moet my stip, oor die afstand van al die ou eeue heen, in die oë kyk as ek hom reguit vra, soos 'n mens wat iets wil weet: 'Het Jy regtig opgestaan?'

"Maar ek weet reeds wat sy antwoord is: 'Wat glo jy?'
"Ek antwoord nie. Sy oneindige oë is op my en Hy sien my verlange en weemoed aan."
Dit alles skryf Jordaan en dit is of ek daardie deernis van Jesus se oë ook op my voel. Daardie "ontmoeting" met Jesus het my lank bygebly.

En toe onlangs, hier in die Lydenstyd, onthul ons groot kunsmuseum by die universiteit 'n lewensgroot uitbeelding van die Laaste Avondmaal.

Jesus en die dissipels lyk soos mense van hul oorsprong en nie met die melkwit gelaat van Europeërs nie. Ek kan myself nie wegskeur van die skildery nie. 'n Ou behoefte om oor Jesus te praat, ten spyte van die vrees dat ek Jesus dalk nie korrek op die grafiek plot nie, roer in my binneste.

Ek kom dieselfde middag by die huis en my oog vang my Jesus-beeldjie van hout. En ek besef: Ek kan Jesus nie langer prysgee aan die dwaalleer-grafiek of die slagspreuk-koffiebeker nie. Ek glimlag, want in daardie oomblik besef ek Jesus is nie net langs Jordaan se etenstafel of in die universiteit se kunsmuseum nie – Jesus is ook in my huis.

'n Terugreis na spreek oor Jesus het vir my begin. En dit is net betyds, want dit is Paasfees.

*Van Wyk is medeprofessor in sistematiese teologie aan die Universiteit van Pretoria.*